



Moderator: E. Tomes

Tyd: 1 uur

Eksaminator: J. Appel

Totaal: 50

TAAK 8: Data hantering en Grafieke

September 2017

NAAM: _____

Gr. 8 : _____

Vraag 1:

1.1 Bepaal die mediaan, modus, variasiewydte en gemiddeld van die volgende datastel. Rond af tot een desimale plek waar van toepassing.

20, 37, 28, 34, 35, 26, 24, 22, 33, 36, 33, 38, 25

Modus: _____ (1) Gemiddeld: _____ (2)

Mediaan: _____ (1) Variasiewydte: _____ (1)

[5]

1.2 Die Biologie punte (persentasie) van 30 leerders was


67, 45, 78, 62, 65, 66, 43, 48, 75, 56, 53, 42, 62, 100, 40, 75, 15, 67, 33,
46, 71, 84, 61, 18, 100, 91, 22, 96, 40, 69

Voltooi die frekwensietabel en teken 'n histogram om die data voor te stel.

Punte intervalle	Telling	Frekwensie
10 – 29		
30 – 49		
50 – 69		
70 – 89		
90 - 109		
	TOTAAL	

(1)

Histogram:




(4)

[5]

Vraag 2:

Die grafiek toon die punte behaal deur 'n groep Graad 8 leerders vir 'n hoofrekene toets uit 10.



2.1 Hoeveel leerders het meer as 50% vir die toets behaal?

_____ (2)

2.2 Hoeveel leerders het minder as 30% behaal vir hierdie toets?

_____ (2)

2.3 Hoeveel leerders het die toets geskryf?

_____ (2)

2.4 Bereken die gemiddeld van die groep.

_____ (2)

2.5 Sou jy tevrede gewees het met hierdie punte as jy die onderwyser was? Gee

'n rede.

_____ (2)

2.6 Hoeveel leerders het 50% vir die toets behaal?

_____ (1)


2.7 Hoeveel leerders het 60% en 70% vir die toets gekry?

_____ (1)

[12]

Vraag 3:

Die lyngrafiek toon die temperature gedurende die maande van die jaar soos opgeteken in Vryheid in 2004.



Maande van die jaar 2004

3.1 Tydens watter maande was die temperatuur 20° ?

_____ (3)

3.2 Watter maand was die koudste? _____ (1)

3.3 Watter maand was die warmste en hoeveel $^{\circ}\text{C}$ was gemeet?

_____ (2)

3.4 Wat was die gemiddelde temperatuur vir 2004? Rond af tot twee desimale plekke.

 _____ (2)

[8]

Vraag 4:

4.1 Voltooi elke tabel van geordende getalleepare vir die gegewe vergelyking.

4.1.1 $y = -x - 1$

x	-2	-1	0	1	2
y					


(2)

4.1.2 $y = x^2 + 1$

x	-2	-1	0	1	2
y					

(2)


4.2 Gebruik die gegewe blok en stel die geordende getallepare van elke vergelyking op dieselfde Cartesiese vlak voor. Verbind die punte om 'n grafiek te vorm en skryf die vergelyking by elke grafiek.

**[10]**

Vraag 5:

Lume samel inligting in oor pryse van haarprodukte. Organiseer die inligting in 'n stingel-en-blaar grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

171 , 165 , 141 , 169 , 151 , 173 , 164 , 148 , 167 , 157 , 163 , 165 ,
157 , 1654 , 146 , 153 , 161 , 171 , 178 , 153



(5)

5.1 Hoeveel haarprodukte was daar? _____ (1)

5.2 Hoeveel haarprodukte kos onder R150? _____ (1)

5.3 Hoeveel haarprodukte kos tussen R160 en R169? _____ (1)

5.4 Dink jy daar was haarprodukte goedkoper as R148? Indien wel, hoeveel?

_____ (1)

5.5 Hoeveel het die duurste haarproduk gekos? _____ (1)

[10]**TOTAAL: 50**

